www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUA

**Paper 0548/01**
**Reading and Writing**

## Kernwenke

Ten einde goed in hierdie eksamen te vaar, behoort die kandidate die volgende te doen:

- In Oefening 1: Skryf bondige antwoorde wat duidelike begrip van die vrae toon.
- In Oefening 2: Identifiseer die verlangde inligting in die bronteks en dra dit akkuraat op die vorm oor.
- In Oefening 3: Lees die bronteks, die voorbeeld-antwoord en die opskrifte vir antwoorde noukeurig deur en maak kernagtige aantekeninge.
- In Oefening 4: Skryf 'n kernagtige opsomming in een paragraaf van hoogstens 80 woorde.
- In Oefening 5 en 7: Gebruik die verlangde formaat en lewer 'n skryfstuk wat uit samehangende paragrawe bestaan en goed by die onderwerp aansluit.
- In Oefening 6: Skryf antwoorde in hulle eie woorde wat duidelike begrip van die vrae en die teks toon.

## Kommentaar op spesifieke vrae

### Oefening 1

Kandidate het hierdie vrae oor die algemeen goed beantwoord. Die volgende verdien egter aandag:

- Die vrae moenie in die antwoorde herhaal word nie.
- Die antwoord moet logies op die vraag volg: sommige kandidate verbeur punte deur hele sinne direk uit die teks neer te skryf en te hoop dat die antwoord êrens daarin skuil.
- Kandidate moet herinner word dat hulle genoeg inligting in hul antwoorde moet gee. Vir **vraag 3** het sommige byvoorbeeld net "fassinerende vorms" in plaas van "Van hul (fassinerende) vorms" of "Hulle het fassinerende vorms" geskryf.
- Wanneer kandidate soos in **vraag 4** gevra word hoe twee goed verskil, moet hulle na albei in hul antwoord verwys, byvoorbeeld dat die Puerto Princesa "ondergronds" is terwyl die ander natuurwonders "bogronds" is.
- Kandidate moet spesifieke inligting verskaf. Vir **vraag 5** moes hulle byvoorbeeld spesifiek na die beskerming van die Komodo-draak verwys, en nie net sê "om die grootste akkedis in die wêreld te beskerm nie".

### Oefening 2

Die meeste kandidate het die vorm baie goed ingevul. Kandidate moet herinner word om iets soos 'n adres 100% reg neer te skryf, byvoorbeeld "Rivierstraat 23, Houtbaai, 7800" en nie "23 Rivierstraat, Houtbaai, 7800", "Riverstraat 23, Houtbaai, 7800", "Rivierstraat 23, houtbaai, 7800", "Rivierstraat 23, Hout baai, 7800" of "Rivierstraat 23, Houtbaai" nie. Slegs 'n adres wat perfek neergeskryf is, kry 'n punt. Vir die laaste vraag ("Hoe belangrik is jou selfoon vir jou?") het heelwat kandidate vergeet om die fiktiewe persoon se reaksie in plaas van hul eie antwoord te gee.

### Oefening 3

Kandidate het meestal goed gevaar in hierdie oefening:

- Baie kandidate het die twee punte by **(a)** gekry, behalwe as hulle geskryf het "menslike taal is ingewikkelder" en nie aangedui het ingewikkelder as wat nie. Hulle moes óf antwoord "ingewikkeld" óf "ingewikkelder as slim diere se taal".
- Alhoewel talle kandidate goed gevaar het, het kandidate wat by **(b)** "miere is baie soos mense" of "hulle kyk net nie televisie nie" geskryf het, hul punte verbeur.
- By **(c)** het veel kandidate sinne direk uit die teks neergeskryf en dus nie werklik begrip getoon nie.



© 2013

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com



Algemene riglyne: Kandidate moet onthou dat hulle verkieslik notavorm/telegramstyl moe geensins volsinne hoef te skryf nie. Hulle moet beslis nie (lang) sinne woordeliks uit die teks ne Dit moet duidelik wees dat hulle die teks verstaan en inligting kan selekteer. Die ander uiterste is nie aanvaarbaar nie: in die meeste gevalle is dit nie voldoende om ’n enkele woord per reël te skryf n Woord soos “parfuum” in plaas van “wyfies lok mannetjies met parfuum” by **(c)** is duidelik nie ’n doeltreffe nota nie, terwyl “Reuk belangrik” (in plaas van “Reuk is belangrik wanneer motte kommunikeer”) by **(c)** nie goeie antwoord is nie.

**Oefening 4**

Alhoewel sommige kandidate die opsomming goed hanteer het, het talle nie ag geslaan op die feit dat hulle oor “die **redes** waarom diere kommunikeer” moes skryf nie. Inligting oor maniere waarop diere kommunikeer, het dus nie punte verdien nie. Dit was ook verkeerd en onnodig om die opsomming te begin met hoe mense kommunikeer. Ongelukkig het te veel kandidate sinne of sinsdele direk uit die teks neergeskryf. Dit is dus belangrik dat kandidate die instruksies noukeurig uitvoer: één paragraaf van hoogstens 80 woorde, en sover moontlik in hul eie woorde.

**Oefening 5**

Alhoewel daar verskeie besonder goeie skryfstukke was waarin kandidate hul gunstelingvoorwerp uitstekend beskryf het, het heelwat kandidate nie verstaan dat hulle ’n voorwerp moes beskryf nie. Sommige kandidate het die woorde “opstel vir jou skooljaarblad” as ’n opstel oor skool of hul skoolloopbaan vertolk, wat uit die aard van die saak nie oor die onderwerp was nie.

Kandidate moet herinner word om:

- noukeurig ag te slaan op die riglyne wat verskaf word:
  - *wat die voorwerp is en hoe dit lyk*
  - *waarom dit belangrik vir jou is*
  - *hoe jou lewe daarsonder sou gewees het*
- ongeveer 150 tot 200 woorde te skryf. Te kort skryfstukke gee nie ’n bevredigende beeld van kandidate se skryfvermoë nie en stel hulle nie in staat om die onderwerp ordentlik te dek nie. Skryfstukke wat te lank is, word net gelees (en bepunt) tot kort na die 200 woorde-perk.
- om in paragrawe te skryf. Die riglyne wat in die onderwerp verskaf word, kan netjies as die hoofgedagtes van die drie middelste paragrawe dien.

Behalwe die algemene foute (sien onder) wat tweede- en derdetaalsprekers tipies begaan en moet probeer vermy, moet kandidate aandag aan die gebruik van leestekens (veral die komma voor “want” en “maar” en tussen gesegdes) en hoofletters (veral aan die begin van ’n sin) gee. Dit is ook nie aanvaarbaar om Engelse woorde en uitsrukkings in ’n skryfstuk te gebruik nie.

Algemene aspekte en foute wat aandag verdien:

- die gebruik van volsinne
- die verskil tussen “sal” en “wil”
- die gebruik van “lyk” en “hou van”
- die gebruik van “toe”, “dan” en “wanneer”
- die gebruik van besitlike en persoonlike voornaamwoorde
- die gebruik van “lewe”, “lief”, “lyf”
- die gebruik van “so” in plaas van “dus”.

**Oefening 6**

- **Vraag 1:** Baie kandidate het hier goed gevaar, maar talle het ’n punt verbeur deur “op en wakker en reg vir gesels” uit die teks neer te skryf en nie te toon dat hulle verstaan wat dit beteken nie. Kandidate moes ook dr. Thomas en sy kollegas kontrasteer – hulle kon nie net na dr. Thomas verwys nie.
- **Vraag 2:** As ’n vraag twee punte tel, moet twee feite gegee word. Sommige kandidate het slegs een rede gegee waarom dr. Thomas sy Nasa-oorpak tydens praatjies dra en dus slegs een punt gekry.
- **Vraag 3:** Sommige kandidate het die punt verbeur deur ’n hele sinne direk uit die teks neer te skryf en te hoop die antwoord skuil êrens daarin. Hulle moes duidelik noem dat dr. Thomas kinders opgewonde oor die wetenskap wil maak. (Nie: “Sy posisie as gewese ruimtevaarder stel hom in staat om kinders



© 2013

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

opgewonde oor die wetenskap te maak.") 'n Punt word slegs toegeken as die antwoord ... vraag volg.

- **Vraag 4:** Hierdie vraag is goed beantwoord alhoewel sommige kandidate nie 'n poging aangew... om hul eie woorde te gebruik nie.
- **Vraag 5:** Talle kandidate het een punt vir hierdie vraag gekry deur te noem dat dr. Thomas opgewo... of baie bly was, terwyl kandidate wat ook genoem het dat hy eers sprakeloos/geskok was, twee punte verdien het. Dit was nie voldoende om te sê hy het "goed" gevoel nie – 'n meer spesifieke antwoord was nodig.
- **Vraag 6:** Die meeste kandidate het die punt gekry al het hulle gesukkel om hul eie woorde te gebruik. Kandidate wat dr. Thomas se direkte woorde ("ek is oortuig ...") met of sonder aanhalingstekens uit die teks neergeskryf het, het geen punt verdien nie, maar as hulle gesê het "hy is oortuig ...", het hulle wel die punt gekry.

**Algemene kommentaar:**

- Twee punte vereis twee feite
- Kandidate wat vrae in hul eie woorde beantwoord, toon werklik begrip
- Die vrae moenie in die antwoorde herhaal word nie
- Sommige kandidate verbeur punte deur hele sinne direk uit die teks neer te skryf en te hoop dat die antwoord êrens daarin skuil. Punte word slegs toegeken as die antwoord logies op die vraag volg.

**Oefening 7**

Dit was duidelik dat talle kandidate oor hierdie onderwerp kon skryf. Een probleem was egter dat heelwat kandidate oor selfone oor die algemeen eerder as selfone by die skool geskryf het, wat daartoe gelei het dat die inhoud gedeeltelik relevant was.

Verdere algemene probleme ten opsigte van die styl/aanbieding van die skryfstukke:

- Min kandidate het vergeet dat hulle 'n koerantartikel moes skryf
- Te min kandidate het 'n opskrif verskaf
- Te veel kandidate skryf nie in paragrawe nie.


© 2013

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUA

**Paper 0548/02**
**Listening**

## Kernwenke

Ten einde goed in hierdie eksamen te vaar, behoort die kandidate die volgende te doen:

- In **Oefening 1** en **Oefening 2** moet kandidate nie slegs baie aandagtig na die teks luister nie, maar ook al die vrae op die vraestel baie aandagtig lees om gepas te antwoord.
- In **Oefening 3** en **Oefening 4** moet kandidate probeer om korrek te skryf om te bewys dat hulle die luisterteks verstaan het.

## Algemene kommentaar

Dit is verblydend dat ’n groot aantal kandidate baie goed gevaar het in hierdie luisterbegripvraestel. Dit toon dat hierdie kandidate gesproke Afrikaans goed verstaan. Sommige het volpunte behaal of slegs enkele punte verloor. Daar was egter ook kandidate wie se luisterbegrip onbevredigend is. Afrikaans is vir party van hulle eerder ’n vreemde taal as ’n tweede taal. Ten einde luistervaardighede te verbeter, sal meer geleentheid vir hierdie kandidate geskep moet word om hul luistervaardighede gereeld te oefen. Daar moet ook gefokus word op woordeskatuitbreiding, want as ’n woord wat gehoor word, onbekend is vir ’n luisteraar, sal dit betekenisloos wees.

Uit die geskrewe antwoorde wat op vrae gegee moes word in **Oefeninge 3** en **4**, blyk dit dat sommige kandidate se skryfvaardighede ook onbevredigend is, wat dit vir hulle baie moeilik maak om antwoorde te skryf, al het hulle reg gehoor. Soms was antwoorde verdraaiings van die teks of klanke wat hulle dink hulle gehoor het, maar vir hulle geen betekenis gehad het nie.

Taal- en spelfoute is egter nie in ag geneem vir puntetoekenning nie, mits die woorde verstaanbaar en herkenbaar was en dit geblyk het dat die kandidaat verstaan het wat gesê is.

## Kommentaar op spesifieke vrae

### Oefening 1: Vrae 1-6

Oor die algemeen het die meeste kandidate die beste gevaar in hierdie oefening. Baie het hier volpunte behaal. Dit behoort swakker kandidate se selfvertroue aan die begin ’n hupstoot te gegee het. Dit het hulle ook gehelp om ’n bevredigende totaal vir die vraestel te behaal. As hulle egter nie fyn geluister het nie, is gefouteer by **Vrae 2** en **3**.

### Oefening 2: Vrae 7-11

Soos vir **Oefening 1**, kon kandidate ook hier ’n antwoord kies, maar die teks was langer en het meer inligting bevat. Weer eens was dit nodig om baie aandagtig te luister om die regte antwoord te kan identifiseer uit die vier moontlikhede wat gegee is. Die kandidate het nie met hierdie oefening so goed gevaar as met **Oefening 1** nie.

### Oefening 3: Vrae 12-18

Kandidate het goed gevaar in hierdie oefening. Punte is toegeken vir korrekte antwoorde, al het sommige spel- en taalfoute bevat. Eenvoudige woorde is dikwels verkeerd gespel, selfs bekende woorde met ’n hoë gebruiksfrekwensie, soos “goeie” (“gooi”; “goie” en “goê”), “stad” (“stat” of “staat”) en “beter” (“better”) is verkeerd gespel.

Min kandidate ken die woord “opwindend” (**Vraag 16**). Talle het met hierdie vraag gesukkel en gesê Kaapstad is die opwindendste stad in die wêreld, terwyl dit *in Suid-Afrika* moes gewees het.



© 2013

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

’n Aantal kandidate het die luisterteks nie verstaan nie en hulle kon gevolglik nie die vrae beantwo

**Oefening 4: Vrae 19-27**

Die meeste kandidate met goeie luistervaardighede kon die eerste vyf vrae bevredigend beantwoord. Sommige het egter verkeerdelik gereken die antwoord van **Vraag 22** (“boere”) verwys na Afrikaners. Ander het gedink die koninklikes het in die “hemel” gewoon, in plaas van “op die heuwel” (**Vraag 21**).

Baie het gesukkel met **Vrae 23-25**, en die laaste vraag, **26**, is oor die algemeen swak beantwoord, hoofsaaklik omdat die paragraaf waaruit die antwoord kom, ’n paar minder bekende woorde bevat en hulle die woord “beskawing” dalk nie geken het nie. Hulle moes ook in ’n redelik lang sin antwoord. Uitmuntende kandidate het dit egter korrek beantwoord.


© 2013

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAG

**Paper 0548/05**
**Oral**

## Key message

In order to do well in this examination, candidates should:

- consider the issue raised in their Oral Assessment Card and their own reaction(s) to it
- be ready to engage in a natural and spontaneous discussion
- be prepared to take the lead in the conversation.

## General comments

It was good to see that Examiners increasingly keep closer to the instructions specified in the Examiner's Notes. This has meant that fewer adjustments to marks were necessary than in the past, and Examiners and Centres are to be commended for this.

### Quality of recordings

In most cases, the sound quality was very good. Examiners are reminded, however, that they must check the acoustics and sound quality in a test recording before the examinations take place. In a small number of cases the sound was so soft that it was extremely difficult to hear what the candidate and the Examiner were saying. Unfortunately, a small number of CDs were not playable. Please ensure therefore that everything is in working order before the examinations are recorded and samples are submitted to CIE.

### Introductions

The introduction and the announcements at the beginning of the recording should always be done in Afrikaans and not in English. Examiners are reminded that they need to state their Centre number at the beginning of each CD/cassette - it is not necessary, however, to repeat this information at the beginning of each recorded speaking test.

### Duration

Some teachers tend either to exceed the three minutes allocated to the warm-up, or to cut it short. Although this part is not assessed, it is an essential part of the test as it helps candidates relax before the actual assessment starts.

It is important to bear in mind that the examination should be a conversation and not a monologue on the part of the candidate. A crucial part of the role of the examiner is to engage with the candidate and to ask stimulating questions. In order to allow candidates plenty of time and scope to display their communication skills in Afrikaans the conversation should last between 12 and 15 minutes. Some conversations lasted shorter than ten minutes, which was to the disadvantage of the candidates.

### Assessment

Assessment was mostly in line with the requirements of the mark scheme but some of the weaker candidates were rather harshly marked. It is important to remember that this is second language oral and not a first language speaking test; a mark of 3 - 4 is only justified if a candidate can answer in no more than one to two words. There are very few candidates that fall in this category, however, and this is where some of the weaker candidates were sometimes disadvantaged. Like any other candidates, those of weaker or average ability should be assessed against the standard set in the mark scheme, not against the level achieved by the best candidates, many of whom may be native speakers.


© 2013

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com



Examiners are advised to award marks for fluency first. If a candidate can answer readily and … prompting in full sentences they should be awarded at least a mark in band 7-8. The mark for flu… first indication of the total mark a candidate could potentially achieve. It will also usually be the highe… marks in the three different categories, although there are exceptions of course.

Marks for Structure and for Vocabulary will often be roughly in line with each other. If a candidate does no… have a very assured grip on the structure of the language, s/he will also tend to lack the ability to use vocabulary appropriately. The marks for these two categories do not have to be exactly the same, of course, but it is unusual for there to be a clear difference.

Moderators would like to thank the Examiners for a job well done. It was a pleasure listening to the conversations.

© 2013